



Vak: Graad 7 Sosiale Wetenskappe (Geskiedenis)

Onderwerp: Sosiale Wetenskappe (Geskiedenis): Kwartaal 2 - Eksamen 1

Totaal: 105 Punte

1. Timboektoe | kennis

4 punte

Verduideliking:

Die Universiteit van Timboektoe was in Mali geleë.

Baie van die universiteit se studente was in medisyne, wiskunde en astronomie bekwaam.

Sommige mense was geskoolde mynwerkers en metallurge (wetenskaplikes wat in metale soos staal, koper en yster spesialiseer).

Ander kon wonderlike kuns uit steen en hout maak.

Tegnologie was ook goed ontwikkel. Dit was in mynbou en die vervaadiging van vele goedere gebruik. Hierdie sluit in goedere vir huishoudelike gebruik en luukse items in goud, brons, ivoor en terracotta.

2. pelgrimstog na Mekka | godsdienstige seremonie of handeling | plek van aanbidding | koning of keiser in Mali

8 punte

Verduideliking:

- "**Hadj**" is die naam vir die **gelowige pelgrimstog** na Mekka. Moslems probeer om ten minste **een keer in hul lewens** op hierdie pelgrimstog te gaan.

- Een woord vir 'n **godsdienstige seremonie** of handeling is 'n "**ritueel**".

- 'n "**Altaar/tempel**" is 'n **plek van aanbidding**.

- Die "**mansa**" was die **koning of keiser** in Mali.

3. A: 'n wins van die slawehandel gemaak het

4 punte

Verduideliking:

Oorspronklik het Koningin Elizabeth aan Hawkins gesê dat slegs mense wat wou reis na die Nuwe Wêreld om slawe te word (as hulle huishoudelike omstandighede aaklig was, was hierdie 'n opsie) dit kon doen. Hawkins het teen dit gegaan en het enige iemand gevat wat verkoop was aan hom deur die Arabiese handelaars en Afrikaner stamme. Dit was slegs toe sy gesien het hoeveel wins hy gemaak het deur die verkoop van slawe wat sy besluit het om by sy onderneming aan te sluit. Dus het sy haar geloof eenkant gesit en besluit om geld te maak.



4. sekondêre | sekondere

3 punte

Verduideliking:

'n Sekondêre bron is een wat geskryf is meer onlangs eerder as gedurende die tydperk toe slawerny bestaan het. Die skrywer was nie daar gedurende die laat 19de eeu toe Koningin Elizabeth I gelewe het nie.

5. 300 | drie honderd | drie-honderd

3 punte

Verduideliking:

Harriet was 'n **kondukteur** op die Ondergrondse Spoorweg en het ontsnapte slawe gelei tot in Kanada, waar hulle werklik vry kon wees.

6. goud | sout | katoen

6 punte

Verduideliking:

Mali was geleë in 'n ryk landbougebied langs die boonste deel van die Niger Rivier en dit het die mense van Mali die geleentheid gegee om **katoen** te groei.

Meeste van die **goud** wat vir ruilhandel gebruik is, is in die Niger Rivier gevind. Dit het vir Mali 'n kans gegee om dié handelroetes te beheer. Saam met die goudhandel het Mali ook beheer gehad oor die **southandel** roetes.

7. B: wreedaardige

4 punte

Verduideliking:

Slawery het in Afrika ontstaan lank voor die vasteland enige kontak met Europa gehad het.

8. B: kommunalisme

4 punte

Verduideliking:

Gemeenskappe kon mekaar nie vertrou nie, want niemand het geweet wie by slawehandel betrokke was nie.

9. 52 dae | Timboektoe

4 punte

Verduideliking:

Die wegwysers is in Frans. Timboektoe word in Frans as 'Timbouctou' gespél. 'Jour' beteken dae.

10. skeepsbou | skeepbou

3 punte

Verduideliking:

Kyk mooi na die kaart. Skepe was gebruik om slawe, rou produkte en vervaardigde produkte oor die Atlantiese Oseaan te vervoer.



11. Mali | Maliryk | Mali-ryk | Mali ryk

3 punte

Verduideliking:

Die koninkryk van **Mali** het in die vroeë 14de eeu onder **Mansa Musa** die hoogtepunt van mag bereik. Toe die Mali-ryk begin kwyn, het die opkomende Songhai-ryk **op dieselfde kommoditeite staatgemaak**.

Goud het as die **hoofkommoditeit** gebly, gevolg deur kolaneute, ivoor, slawe en volstruisvere.

12. C: dorpe oorval en jong vroue en mans ontvoer

4 punte

Verduideliking:

Van die teks: "Om by te hou met die groeiende vereistes van buitelanders soos die Arabiere en Europeërs, het oorlogvoering, **strooptogte** (aanvalle) om slawe te verkry en die **ontvoering van jong vroue en mans** ook toegeneem."

13. waar

2 punte

Verduideliking:

Slawe was goed hanteer. Hulle kon trou, eiendom besit, goedere erf en hulle eie slawe hê.

14. A: goud

4 punte

Verduideliking:

Die Koninkryk van Mali was ryk in **goud**, maar het 'n gebrek aan sout gehad.

15. moskees | moskees. | 'n moskee | n moskee

3 punte

Verduideliking:

Mali het al hoe meer **Islamities** geword onder **Mansa Musa se bewind**, maar meeste van die gewone mense het hul Wes-Afrika gebruik, godsdiens en tradisies behou.

16. C: goue klont

4 punte

Verduideliking:

Mali was baie ryk aan **goud**. Mansa Musa was bekend as die **rykste regeerder** van sy tyd en dalk ook in die menslike geskiedenis.

17. Lawrence | Lawrence.

3 punte

Verduideliking:

Pro-slawernymagte het die stad **Lawrence** in Mei 1856 aangeval. Hierdie botsing staan bekend as die Pottawatomie Slagting.

Na hierdie botsing verhuis Brown na Virginia waar hy 'n toevlugsoord (veilige plek) vir ontsnapte slawe vestig. Hier het hy ernstig nagedink oor sy plan vir 'n oorlog in Virginia teen slawerny.

18. Mali - Tunisië - Egipte | Marokko - Wes-Afrika

4 punte

Verduideliking:

Die goud-sout-handelsroete oor **Marokko en Wes-Afrika** het in Noord-Afrika begin in 'n handelstad bekend as **Sidjilmassa** (naby die hedendaagse grens tussen Marokko en Algerië) en het in die **Ghana-ryk** geëindig.

Teen die 12de eeu, met die opkoms van die Islamitiese Mali-ryk, het Ghana beheer verloor oor die goudhandel in die weste van Soedan. Handelaars het toe 'n **tweede hoofroete** vir goud en sout gevestig wat gestrek het oor **Mali, Tunisië en Egipte**. Die handelsroete het in **Mali** begin en in **Egipte** (wat deur Tunisië en Kairo gaan) geëindig.

19. waar

2 punte

Verduideliking:

Die Mali-inwonders was so **beïndruk met Mansa Musa se pelgrimstog** gewees dat dit hul lojaliteit teenoor hom versterk het.

20. Volgens Leo Africanus

3 punte

Verduideliking:

Terwyl Leo Africanus se verhaal baie vir die wêreld beteken, moet ons onthou dat sy verhaal slegs van sy eie perspektief af is, en nie op wetenskaplike feite gebaseer is nie. Daarom is dit nie altyd betroubaar nie.

21. waar

2 punte

Verduideliking:

Slawe in Afrika was met eer handel en het normale lewens gelei.

22. belasting

3 punte

Verduideliking:

Omdat werkers ontvoer en as slawe verkoop is, het die arbeidsmag in Wes-Afrika afgeneem.

As gevolg daarvan, het produksie verminder en grondeienaars het minder gehad om te verkoop.

23. D: Pleeg selfmoord.

4 punte

Verduideliking:

Om hulself dood te maak, is beskou as 'n **gewelddadige vorm van verzet**. So ook was om hulself te vermink om hul eie waarde te verlaag. Slawe was waardevol vir die slawe-eienaars.

24. waar

2 punte

Verduideliking:

In die 6de eeu was Egipte die eerste Afrikaland waar mense tot Islam bekeer het. Egipte het toe 'n belangrike poort geword waardeur Islam na ander dele van Afrika versprei het.

25. handelsentrums | moskees

4 punte

Verduideliking:

Dit was die **Trans-Sahara-handelsroete** wat die **rykdom** en **dominansie** van die Islamitiese wêreld in Noord-Afrika bewerkstellig het. Soos wat al hoe meer Arabiese handelaars na Noord-Afrika gekom het, het hulle ook **Moslem-handelsentrums** en **moskees** langs die trans-Sahara-handelsroetes gevestig.

26. onwaar

2 punte

Verduideliking:

Miljoene jong, sterk mans was ontvoer en as slawe verkoop. Wes-Afrika se arbeidsmag was te klein om die land se ekonomie te ontwikkel.

27. rykdom | status

3 punte

Verduideliking:

Baie welgestelde/ryk families in die noordelike state het slawe as huishulpe en koetsiers gebruik. Hierdie eienaars het gewoonlik net een of twee slawe besit en hoe meer slawe jy besit het, hoe ryker was jy - dit is gesien as 'n sigbare simbool van rykdom en status.

28. Mekka | Meka | Mekka.

3 punte

Verduideliking:

Omdat Mali stabiel en voorspoedig was, het Musa besluit dat dit tyd was om 'n pelgrimstog na **Mekka** te onderneem. Hy wou ook die Islamitiese wêreld en ander Europese lande oor die sukses van Mali inlig.

29. Berbers | Amazigh | amazee | Berber | Berber stamme | Toearegs

3 punte

Verduideliking:

Die **Berbers**, of **Amazigh (amazee)**, wat hulle verkies het om genoem te word, het oral oor Noord-Afrika gewoon vir duisende jare en is beskou as **die oorspronklike inheemse bewoners** van die gebied. Hulle staan ook bekend as die **Toearegs**.

30. B: Britte

4 punte

Verduideliking:

Die Britte het krag en geweld gebruik om die Ooskus van Amerika oor te neem en te koloniseer.

Totaal: 105 Punte